18.3 RAPPORT 3 – DEPUTATE HISTORIESE SAKE – KERKMUSEUM (Artt 135, 306)

18.3. REPORT 3 – DEPUTIES HISTORICAL AFFAIRS – CHURCH MUSEUM (Artt 135, 306)

A. Die voorsitter stel die Rapport.
The chairman tables the Report.

B. **Besluit:** Punt 2.1 van die Rapport word verwys na die Finansiële Kommissie.
Decision: Point 2.1 of the Report reffered to the Financial Commission.

C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 *Algemeen*: Die Deputate kan met dankbaarheid verslag doen dat die museumbeampte van die Kerk-museum, sr MED Coetsee met groot ywer haar werksaamhede in die museum voortgesit het. Na baie jare van voorvat in die museum het sy die Deputate kennis gegee dat sy nie kans sien vir 'n volgende termyn nie. Vir 'n tydperk van 13 jaar het sy die werk van haar eggenoot en oprigter van die museum, br MPA Coetsee kon voortsit. Op so 'n wyse het sy bygedra dat die historiese erfenis van die GKSA goed opgepas en bewaar gebly het. Sy maak klaar by die museum met die bede dat met oorleg, opregtheid en versigtigheid met die erfenis van die GKSA omgegaan sal word en 'n spesiale versugting dat die Gereformeerde museumerfenis vir die kerkverband en nageslag bewaar sal bly.	1.1 *General*: It is with gratitude that the Deputies can report that the museum official of the Church Museum, sr. MED Coetsee, upheld her activities with great enthusiasm. After many years of leadership in the museum, she informed the Deputies that she will not be able to serve for another term. For a period of 13 years, she continued the work of her husband and founder of the museum, br MPA Coetsee. She contributed to the proper keeping and preservation of the historical legacy of the GKSA. She resigns from the museum with the prayer that the heritage of the GKSA will be dealt with with discretion, sincerity and caution, and a special appeal that the "Gereformeerde" museum heritage will be preserved for the church and descendants.
1.2 *Eiendom*: Die museum word binne baie netjies versorg, gereeld skoongemaak en een keer per jaar berook. Die eiendom verdien aan die buitekant wel aandag en dit sal aan die Deputate opgedra moet word. Hier kan genoem word: die stoep wat dringend geverf moet word, 'n lekplek in die dak en algemene onderhoud aan die gebou. Groot toekomstige uitgawes sal nodig wees vir lugversorging in die verskillende eenhede van die museum. Dit gaan nie net oor die gerief van besoekers nie, maar in die eerste plek vir die bewaring van die inhoud van die	1.2 *Property*: The interior of the museum is kept very tidy, cleaned regularly and fumigated once a year. The property needs restoration to the exterior; a matter that must be brought to the attention of the Deputies. For example, the porch must be repainted urgently, there is a leak in the roof and general maintenance to the building is required. Large future expenses include air conditioning in the various areas of the museum. It is not just for the convenience of visitors, but primarily for the preservation of the contents of the museum. Damp regulation in the building

museum. Vogregulering in die gebou sal dringend aandag moet kry. Daar sal ook gekyk moet word na ‘n paniek-knoppie vir die veiligheid van besoekers en die argivaris.	must be addressed urgently. Installing a panic button for the safety of visitors and the archivist also needs attention.
1.3 *Besoekers*: Die museum het in die afgelope tydperk ongeveer 350 besoekers ontvang. Soms is hierdie besoekers individue, soms is dit groepe (kerkgroepe en bv Die Erfenisstigting), soms is dit buitelandse besoekers. Wie ook al, elkeen wat besoek dra ‘n besondere liefde vir erfenis en aangesien dit nie ‘n openbare museum is nie, maar eerder as ‘n kerkmuseum, ‘n familiemuseum, funksioneer was die tye saam met die besoekers heerlik. Dit is ook baie ondersteunend dat die Teologiese Skool moeite doen met besoeke aan die museum deur gaste sowel as studente aan die GKSA erfenis bloot te stel. Die Historiese Vereniging van Pretoria het die museum besoek met ongeveer 40 persone en die komplimente vanuit daardie belese en ervare groep was ‘n riem onder die hart. Besoekers is genooi deur te adverteer en artikels in *Die Kerkblad*. Tog sal dit wonderlik wees as gemeentes meer gereeld probeer besoek en toere en uitstappies na die museum organiseer.	1.3 *Visitors*: The museum received approximately 350 visitors in the past period. These visitors are usually individuals, groups (church groups and visitors from The Heritage Foundation) or foreign visitors. Everyone who visits, shares a special appreciation for heritage and since it is not a public museum, but rather a church museum that functions as a family museum, the staff thoroughly enjoyed spending time with the visitors. The Theological School’s support and efforts, by visiting the museum and exposing guests and students to the GKSA heritage, are truly appreciated. The Historical Society of Pretoria visited the museum with approximately 40 people and the compliments from this knowledgeable and experienced group of people were truly heartening. Visitors were invited by advertising and articles in “*Die Kerkblad*”. Nevertheless, it would be wonderful if congregations could visit more frequently and organise tours and excursions to the museum.
1.4 *Kosbare byvoeging*: ‘n Kosbare byvoeging tot die museum se gedenkwaardighede is die kerkklok, nagmaalservies, twee kruise, lampe en houtstaander van die Strydenburg Gemeente wat ontbind het. ‘n Besondere dank aan ds J Malan wat gereël het vir die skenking daarvan. ‘n Meelblik uit een van die konsentrasiekampe is ook noemenswaardig in hierdie verslag. Daar is ‘n volledige inventaris van alle museumstukke beskikbaar.	1.4 *Prized addition*: A prized addition to the museum’s memorabilia, is the church bell, communion set, two crosses, lamps and wooden stand of the former Strydenburg Congregation. A special thanks to Rev J Malan who arranged the donation. A flour tin from one of the concentration camps is also worth mentioning. A complete inventory of all museum pieces is available.
1.5 *Samevattend*: Die Deputate is dankbaar om te noem dat die museum ten spyte van eiendomsake hierbo genoem in ‘n goeie toestand is, die erfenis bewaar is en word, en daar word gebid dat hierdie proses in opregtheid voortgesit sal word.	1.5 *Summary:* The Deputies are grateful to mention that despite the property matters stated above, the museum is in good condition, the heritage is being preserved and we pray that this practice will be continued in sincerity.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.5 noted.**

2. Sake waaroor die Sinode besluit	**2. Matters that the Synod decide on**
2.1 Die nuut aangewese Deputate Historiese Sake ontvang opdrag om 'n Kurator (vakkundige) vir die Kerk-museum aan te stel.	2.1 The newly appointed Deputies Historic Matters are instructed to appoint a Curator (museologist) for the Church Museum.
Besluit. Goedgekeur. Word verwys na die Deputate en die Administratiewe Buro met afhandelingsbevoegdheid.	**Decision: Approved. Referred to the Deputies and the Administrative Bureau with executive powers.**
2.2 Die Sinode neem met dank kennis van die arbeid en opofferings van sr MED Coetsee oor soveel jare in die Kerkmuseum en gee erkenning aan 13 jaar se getroue dienswerk.	2.2 The Synod takes note of the hard work and sacrifices of sr MED Coetsee who has served in the Church Museum for so many years and acknowledges 13 years of faithful service.
Besluit: Goedgekeur. Sr MED Coetsee moet per brief vir haar getroue diens bedank word.	**Decision: Approved. Si MED Coetsee must be thanked via letter for her diligent service.**
2.3 Gemeentes word opgeroep om die museum te besoek en bekend te stel onder lidmate.	2.3 Congregations are urged to visit and introduce the museum among church members.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
2.4 Die Deputate benoem vir eiendomme ontvang opdrag om seker te maak dat die museum nie verwaarloos en agter-uitgaan in onderhoud en instandhou-ding nie. Ook moet dringend aandag gegee word aan die inrig van badkamergeriewe vir besoekers (hier-die saak draai al langer as nege jaar), asook die sake genoem onder "Eiendom" in die Rapport.	2.4 The Deputies nominated for properties must ensure that the museum does not deteriorate due to neglect or inadequate maintenance and upkeep. Urgent attention must be given to the installation of restroom facilities for visitors (this case has been pending for more than nine years), as well as the matters mentioned under "Property" in the Report.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**